DSPACE

https://dspace.org/

Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en die aangresende gebiede

Van Vreeden, Barend Frederick

2015-03-04
http://hdl.handle.net/10539/17121

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

Die verskillende vertakkings van die Tswana in Noord-Kaapland moet deurgaans as 'n homogene taalgroep beskou word afgesien daarvan dat kleinere dialektiese verskille tussen die noordelike (Rolong) en die suidelike (Tlhaping) volksgroepe bestaan.

Een van die oudste volksgroepe was die primitiewe Digoya. Die presiese samestelling van hulle spreekwyse is nie bekend nie maar aangesien die naam Taung 1) van hulle afkomstig is, moet aangeneem word dat hulle plekname nie van die ander Tswanaplekname onderskei kan word nie.

Die Rolong, Tlharo, Tlhaping en Kgalagadi, alhoewel woonagtig in verskillende geografiese streke in Noord-Kaapland, was en is tydgenote en die aard en ontstaan van plekname in hulle woongebiede is soortgelyk en eenvormig.

In Tabel III word 'n aantal plekname van Tswana-oorsprong volgens hulle ontstaan en sover bekend by die stamgroepe ingedeel. So 'n indeling terwille van die geografiese verspreiding en etniese indeling is waardevol maar taalkundig bestaan daar geen verskil of voordeel nie. Om derhalwe die oorsprong as Rolong of Tlhaping aan te dui skep nie alleen verwarring nie maar dit is taalkundig nie geregverdig nie. Phiring in die Rolong-gebied en Phiring in die Tlhaping-gebied toon taalkundig geen verskil nie. Die oorsprong van beide is Tswana. Dit geld eweneens vir al die ander plekname.

Soos by die Khoisansprekendes so ook by die Tswana bestaan daar 'n aantal plekname wat oor die jare heen omvorming ondergaan het. Tipiese voorbeelde is Ror, Gahoe en Kwatok. Die voorkoms van hierdie drie name is Tswana maar die oorsprong is verskillend. Dit is dan ook opvallend dat hierdie plekname in die oorspronklike woongebied van die Boesman en later die Koranna noord van Olifantshoek voorkom. In dié landsdeel het die Koranna die Tswana-bewoners verdryf maar baie jare later het die Tswana weer teruggekeer. Ontleed ons hierdie drie name kry ons die volgende:

Ror: Etimologies is hierdie woord vreemd aan Tswana. Soos in die geval van Chee (Chè) is Ror 'n persoonsnaam en wel die van 'n Boesman.

Gahoe: 'n Samestelling waarvan die eerste lid Tswana is, nl. Ga+Hoe.

Gahoe Tsw. ga, Lokatief prefiks; Hoe, vermoedelik 'n Boesman-persoonsnaam. Dus Ga-Hoe = by Hoe; by die plek van Hoe.

Kwatok: 'n Omvorming deur die Griekwa en later deur die blankes.

Kwatok Tsw. kôtôkwê, waaierstertmeerkat.

Hiervolgens is Ror 'n Boesmannaam alhoewel aangeneem moet word dat dit omvorm is. Hoe as persoonsnaam kan òf Boesman òf Kora wees terwyl Kwatok van Tswana-oorsprong is.

---

1. Language: Herkoms en Geskiedenis van die Tlhaping - African Studies, Vol. I, p. 119. aant., 22.

TABEL III

TSWANA-PLEKNAME VOLGENS STAM-VERSPREIDING. 1)

Kgalagadi	Tlhaping	Tlharo	Rolong
	Bolela-kgapu	Batlharo	
	Dikgatlhong	Dibeng Ditlou	Dikgatlhong
	Ga-Mohana Gasesa	Ga-Mopedi Gamogara (?)	Ganyesa
Hudian (?)			
Kokong	Kolong Kolong Maropo Kono	Kgamanyana Kwatok (?) Kôtĉkwê	
	Lohatlha		
Mmamogasagase Makopong Marapoabatho Molôpô	Madipelesa Mamapula Mamusa Majeng Môlôpô	Madibeng Matlapareng Molôpô	Mafikeng Morokweng Mosita Molôpô
	Phiring Pudumong		Phiring Whitshane
Sekui (?)	Sehunêlô (Sivonel)		Setabeng
	Thamagana Tlhôgô-ya-motlo Tsantsabane (?)	Tlhôgôpitse (Klagopiets) Tsantsabane(?)	Tseng Tseoge

1. Slegs voorbeelde word in die Tabel aangestip.

Een van die interessantste Tswananame is Kolong. Pettman 1) het bepaal dat die Koranna die Hartsrivier geken het as ǂgoab-!goab terwyl Stow 'Kolong as 'n Boesmannaam beskou. Campbell gee Hhou aan as die Korannanaam vir Hartsrivier terwyl Malalareen die Tswananaam (Tlhaping) sou wees.

Op die kaart van Jos. Wyld (Backhouse: Narrative) verskyn die volgende samestellings: Kolonga (Kolouga) of Noka Colung, Colung Maropa of Hammes' Hills, Colung Engaboung en Colung Village. Volgens hierdie samestellings wil dit voorkom of die naam Kolong algemeen bekend was tydens die eerste helfte van die negentiende eeu.

Indien Kolong van Boesmanoorsprong is dan bestaan daar geen twyfel dat die Tswanasprekendes en hier die Tlhaping dit oorgeneem en vervorm het nie. Hierdie ontwikkeling is nie onmoontlik nie maar dit is onwaarskynlik. Volgens die inboorlinge is Kolong 2) sinoniem met rivier. Sommige van hulle meen dat Kolong afgelei is van kolomela, vlugvloeiende (E. to tumble over; fall off suddenly) of om skielik te laat vinnig vloei soos na 'n reënstorm (E. to let tumble over suddenly). Die aard en ontstaan is volgens hulle duidelik: 'n vlugvloeiende rivier, smal en diep, wat tydens vloedwaters gevaarlik is en waar baie mense al verdrink het. 3) Mettertyd het dit die spesifieke naam van die Hartsrivier by die Tswana geword. Hier is m.i. geen sprake van Boesmanoorsprong nie. Kolong is Tswana. Vervolgens het ons die samestellings met Kolong. Kolonga of Kolouga is bes moontlik 'n foutiewe inskrywing op die kaart van Backhouse. Indien dit juis aangeteken is dan het ons hier 'n voorbeeld van 'n Tswananaam soos deur die Koranna uitgespreek en dan kan dit ook !kolon-a of !kolong geskryf word. Hierdie uitspraak kon maklik 'n verwarring laat ontstaan het waarvolgens dit as Khoisan beskou kon word. Dis moontlik het dit aanleiding gegee tot Stow se 'Kolong alhoewel ons tot dusver geen bewyse daarvoor het nie. Noka Kolong (Colung) is letterlik die Kolongrivier (Tsw. noka, rivier) terwyl Kolong Maropo die betekenis het van Kolonghoogtes of -plato's (Tsw. maropo, plato's). Maropo is dan ook die naam vir die Ghaapplato.

Daar is baie Tswanaplekname in Noord-Kaapland wat weens foutiewe spelling vreemd aandoen. Die oorsprong van hierdie plekname kan alleen deur noukeurige ontleding nader bepaal word. Gevolglik moet elkeen afsonderlik bestudeer en ontleed word en daar moet deurgaans gelet word op al die moontlike klankwisselinge wat oor die jare heen ontstaan het. Dit is duidelik dat baie van die foute ontstaan het as gevolg van swak kennis van Tswana aan die eenkant en aan die anderkant die neiging om name foneties neer te skrywe sonder om eers die klanke behoorlik te benaam paal. So byvoorbeeld skryf Moffat vir Dithakong (Takoon), Litakoung, Lataku, Leetakoun, Letakoung, Lettakoo en Leetacoung terwyl ander skrywers nog meer vorme bybring. 4) Burchell was op die gebied 'n

1. Pettman: South African Journal of Science, XVII, pp. 350-351.
2. Kolo͡n = Kolong. Vergelyk Brown: Sec.-Eng. Dictionary, p. 439.
3. Van Vreeden: Gegewens aangeteken.
4. Apprenticeship at Kuruman (Schapera), p. 296.

uitsondering daar sy vertolking taamlik juis is, en tog het hy ook verstrik geraak in die vertolking van name soos Klaatalakumo en Klibbolikhonni.

By al hierdie plekname skyn die omvorming dieselfde te wees: foutiewe vertolking > foutiewe spelvorm = vertolking volgens spelvorm > nuwe vertolking met die gevolg dat sommige van hierdie plekname as vreemd en onverklaarbaar voordoen, terwyl die samestelling van ander weer van so 'n aard is dat die oorspronklike vorm wel bepaal kan word soos Kgatlagomo < Gatalwakgomo.

Hierdie plekname moet nie met die volksetimologiese verwar word nie, nl. waar die oorspronklike naam oorgaan na 'n bekende klankverbinding in 'n ander taal nie, byvoorbeeld: Dibeng (Tsw.) > Deben. Nog minder het hulle ontstaan as gevolg van assimilasie. Hulle is deurgaans omvormings wat ontstaan het as gevolg van foutiewe spelling.

'n Noukeurige ondersoek bn die verskillende vertolkings (foneties) deur blankes te bepaal het aan die lig gebring dat daar geen eenvormigheid bestaan nie. Gevolglik kan daar ook geen vaste reëls opgestel word nie.

Die volgende is die vernaamste wisselinge waarop gelet moet word:

(a) Tweeklanke.

ch (chaka) > sj; < ts. sjaka; tsaka.
kg (Kgomo) > k; > g. komo/kumo; gomo; soms chomo.
ny (nya; nye) > ne. Ganesa < Ga-nyesa.
ph (phepheng) f. fefen.
š (šhupa) > s; > sjo. sjoepa; supa. (š = sh soos in E. should).
tlh (tlhabeletsa) > tla.
tlh (tlhaping) > kla. Klaping/Tlaping < Tlhaping.
tsh (tshobo) > sh; > s. shobo; sobo.

(b) Medeklinkers.

d > r. Madiko > Marico (Tvl.).
g = ga > ha; > ka. Hamhana; Kamhanni.
k > kw. Kwatok (= kôtôkwê).
j > y. maje; maye (ou spelling).

(c) Klinkers.

a/e -pana/-pane; -jana/-jane (ook dialektiese wisseling).
a/- tloga/tlogo < tlhôgô.
e/i Mafikeng > Mafeking.
i/e Tsineng > Tsening.
o/u Lemona < Lemuna

Waar die oorsprong van Tswanaplekname bepaal word, moet ook rekening gehou word met die klank-volume, intonasie en aksent. So byvoorbeeld kan metse as 'n lid in 'n saamgestelde naam óf water óf statte beteken. Indien die betekenis nie duidelik is uit die samestelling nie dan is die betekenis van so 'n naam onseker. Daarbenewens moet

rekening gehou word met die feit dat in die meeste van hierdie oënskynlike dubbelvorms dit nie alleen 'n saak van toonhoogte is nie maar ook die klinkers is verskillend. Dit geld eweneens vir die medeklinkers waar die letter-tekens nie gelyke klankwaardes met Afrikaans en/of Engels het nie met die gevolg dat sulke name ontstaan soos Maribogo i.p.v. Madibogô en Marico i.p.v. Madiko of Lemona i.p.v. Lemuna.

Op ons landkaarte, in registers, naamlyste en in geskrifte word Tswanaplekname volgens die blanke skryfwyse geskryf met die gevolg dat baie plekname verkeerd verklaar word. 'n Uitstaande voorbeeld hier is die plaasnaam Polonyana wat deurgaans vertolk word as Pôlônyana en ook so uitgespreek word. Volgens oorlewering by die Tswana is dié naam Polonyana, die waterlikkewaantjie, want om 'n waterlikkewaan in die Kalahariesandveld te kry was iets seldsaam. Die pioniers wat later die gebied bewoon het, het die naam nie ontleed nie. Onbekend met die oorspronklike naam en wel bekend met die kragwoord pôlô(roede) by die inboorlinge was die pleknaam vir hulle Pôlônyana soos dit tans nog die geval is.

Die Tswanaplekname kan uitgeken word aan die gebruik van die lokatief, dimunitief en die meervoudsvorme. So byvoorbeeld is die oorsprong van die volgende plekname duidelik:

Ga-nyesa (ga, lokatief prefiks - by die syfering).
Ga-Modisa (ga, lokatief prefiks + persoonsnaam).
Kgamanyana (dimunitief -nyana) 1)
Lohatlha (lo, kollektief - 'n woud van vaalbosse).
Ditlou (ekv. tlou, olifant; ditlou, olifante).

Daarbenewens is daar 'n aansienlike aantal plekname wat eindig op -ñ (ou skryfwyse) en -ng wat in die meeste gevalle die lokatief uitgang is, dus Tsineng, by die muisnes of by die plek van die muisnes.

Daar moet nog op een belangrike eienskap insake die oorsprong van Tswanaplekname gewys word. Dit is die neiging om heel sinne en/of sinsnedes as name aan persone en plekke te gee. Hierdie name word metterty dan ook deur assimilasie verkort. In sommige gevalle is so 'n naam nog om 'n leenwoord uitgebou waardeur die afleiding bemoeilik word. As persoonsname is Tongpedi en Ketlatuna 2) uitstaande voorbeelde. Tongpedi beteken twee-tonge en is saamgestel uit tong (Afr.) en pedi (Tsw.). Tongpedi is eintlik 'n gekonsentreerde sin: Hy praat geweldig baie, dus: Hy praat asof hy twee tonge het derhalwe Tongpedi. Ketlatuna weer is saamgestel uit die sin Ke tla tuna jalo (Ek sal so doen/maak) waar tuna afgelei is van Afrikaans doen. Vervolgens kan wisselvorme ontstaan en deur middel van voorvoegsels kan daar met dieselfde sin ook die name Setlatuna en Retlatuna ontstaan.

---

1. Op landkaarte verskyn die naam as Gamanyana. Dit kan vertolk word as Ga-Majana, die plek van Majana (persoonsnaam) = die plek van koppies of klippe. Die naam word egter deur kenners van die omgewing deurgaans verklaar as klein hartbees/hartbesie, dus Kgamanyana.
2. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, VII, pp. 44-45.

Volgens die ouer geslag inboorlinge het ons 'n soortgelyke geval in die naam Setabeng (Setaben). Daar word gesê dat die primitiewe Tswana gereelde togte na die Kalaharie onderneem het om te handel en te jag. Setabeng was die laaste plek op dié roete waar hulle voldoende water kon kry. Hulle net derhalwe die put as hulle eiendom beskou en dit Se-etelwa-ke-beng genoem d.w.s. gebesoek-deur-die-eienaars. Oor die jare heen sou dit Setabeng geword het. 1) Hier het ons blykbaar 'n geval waar later geslagte 'n verhaal om 'n naam uitgebou het om sodoende 'n verklaring te kry. 2)

'n Bekende pleknaam is Setlagoli. Vroeër was dit die naam van 'n Rolong-statjie suid van Mafeking. Vervolgens is die naam ook op die rivier aldaar oorgedra. Mettertyd het die stat verdwyn, maar die rivier het die naam behou. Willoughby het bepaal dat die naam oorspronklik verwys het na 'n gewyde rots waar die statjie later aangelê is. Setlagoli is 'n samevatting van Se tla gole met die betekenis van, Dit (Die ding) wat veraf aankom. 3) By later geslagte het die oorspronklike verband met 'n gewyde rots vervaag sodat die naam slegs op die rivier betrekking het. In werklikheid is hier 'n vervaging van die oorspronklike betekenis waar die mitologiese deur 'n praktiese en meer toepaslike verklaring vervang word.

Sotho.

Alhoewel daar baie Sotho in Noord-Kaapland werksaam was en nog is, is dit opvallend dat hulle byna geen bydrae tot die naamgewing gelewer het nie. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat Sotho en Tswana verwante tale is. Die plaasnaam Katlani is egter van Sotho-oorsprong terwyl die oorsprong van Salene twyfelagtig is. Dit kon nog nie bepaal word nie of Salene 'n Sotho of Tswana was nie.

Xhosa.

Die eerste groep Xhosa-inboorlinge wat Noord-Kaapland binnegedring het, het die Oranjerivier reeds voor 1800 oorgesteek. Later na die ontdekking van diamante het baie van hulle weer in Griekwaland-Wes en in Brits-Batswanaland as werksliede gevestig.

Die Xhosa se bydrae tot die naamgewing in Noord-Kaapland is nul. Name soos Kaya-lami, Shalaghale, Xosa, ens. is wel van Xhosa-oorsprong maar die aard en ontstaan daarvan berus by die blankes.

Om saam te vat: Die bydrae van die Xhosa en die Sotho tot die naamgewing in Noord-Kaapland is beswaarlik noemenswaardig. Daarenteen is die hoeveelheid plekname van Tswana-oorsprong omvangryk. Die oorsprong van hierdie plekname is in baie gevalle duidelik. Hulle word uitgeken aan die gebruik van voor- en agtervoegsels (lokatief), meervoudsvorme en die dimunitief-uitgang terwyl verskeie plekname wat oorspronklik uit sinne en sinsnedes bestaan het deur assimilasie verkort is. Sulke name

---

1. Besonderhede: Eerw. I.L. Mogorosi van die L.S.G., Ganyesa.
2. Vergelyk Hoofstuk VI - Legende en Saga.
3. Willoughby: Native Worship and Taboo, p. 21.

het soms ook omvorming ondergaan sodat hulle bykans onverklaarbaar is. Foutiewe spelling bemoeilik die afleiding van sommige terwyl voorbeelde van volksetimologie voorkom. Korrupte en verminkte plekname kom ook voor. Waar die volksoorlewering lig werp op die ontstaan van so 'n naam kan die oorspronklike nader bepaal word andersins is sulke plekname vreemd en onverklaarbaar alhoewel in enkele gevalle die klankverbinding die oorsprong aandui.

C. Plekname van Griekwa- en Basteroorsprong.

Daar bestaan 'n aansienlike aantal plek- en plaasname in Gordonia, Kenhardt en Griekwaland-Wes wat hulle oorsprong by die Basters (Kleurling-Afrikaans) en die Griekwa (Griekwa-Afrikaans) gehad het. 1)

Daar is reeds verskeie kere melding gemaak van die heterogene afkoms van die Griekwa. Nou moet hier verder beklemtoon word dat die leiers van die Griekwa, byvoorbeeld die Koks, Krugers, Vanneels, Koopmans, Van Wyks, Pienaars en later die Beukesse, e.s.m. Basters was. Hierdie mense was Afrikaanssprekend 2) maar hulle was ook Khoisan (Griekwa-dialek) magtig terwyl hulle bediendes, ondergeskiktes en volgelinge, die Khoisan-Basters, Khoisansprekendes was. 3) Gevolglik het daar in die Griekwagebied 'n eiesoortige dog interessante taalverhouding bestaan: Griekwa-Afrikaans is gebesig teenoor huisgenote, gelykes en in geselskap van blanke jagters, reisigers en die sendelinge. 4) Andersins en veral waar huwelike met Korannavroue aangegaan is, was die spreektaal hoofsaaklik Khoisan.

Hierdie taalverhouding, 'n vorm van tweetaligheid, wat nie by die Basters van Gordonia aanwesig was nie alhoewel baie van hulle Nama kon praat, het dan ook sy stempel op die naamgewing van die Griekwa afgedruk, enersyds op hulle Khoisanplekname (Jor(o)gais, Horgansie) 5) en andersyds op die Afrikaanse plekname.

Die volgende plekname is baie duidelik van Griekwa-oorsprong (Afrikaans):

Blenkkleep: ca 1805. Vertaling van Kora. T'Goay'pa (/haib) = Blinkklip en later Postmasburg.

Diepputsfontein: Diepputsfontein later bekend as Hoogfontein.

Kaap-puts: Griekwa (dialek) + Afrikaans.

Grootedoorn: (Burchell 1811). Acacia gitaffae, kameelboom.

Laauwwatersfontein: Ook bekend as Bastaardskloof (Lichtenstein 1805).

Vogelwater: Later Voëlwater naas Voëlfontein.

Witwatersfontein: (Borcherds 1801). Oorspronklik Kora. xati-//ama = Witwater en deur die Griekwa vertaal as Witwater + fontein.

Engeldewilgeboomfontein: Later Enkelwilgerboom (blanke invloed).

Ongeluksfontein: Fontein van ongeluk. ca 1803. 'n Griekwajagter het hier verongeluk. Oorspronklik Ongeloeksfontein.

---

1. Daar is 'n duidelike verskil tussen Kleurling- en Griekwa-Afrikaans.
2. Kaaps-Hollands met afwykings.
3. Hulle spreekwyse het nader aan Kora gestaan.
4. Die kerkbediening was Hollands.
5. Vergelyk p. 48.

Koggelbeen: Oorspronklik Koegelbeen (Koegelbeen). Die skimpnaam is aan 'n Boesman gegee wat in die been verwond is tydens 'n veediefstal by 'n fonteintjie. Kogelbeen naas Kogelbeenfontein. Tans Koggelbeen - volksetimologie.

Plekname waarvan die oorsprong Griekwa is, is gedurende die afgelope jare ver-Afrikaans sodat hulle nie meer van ander Afrikaanse name onderskei kan word nie. Alleen deur noukeurige ondersoek teen 'n historiese agtergrond kan die Griekwa-oorsprong bepaal word.

En dit geld eweneens vir plek- en plaasname wat hulle oorsprong by die spreekwyse van die Basters het. So kan plekname soos Lelikhoogte (Lelykhoogte), Rooiputs, Soutputs, Skoonveld, Mier, Boksputs, e.s.m. nie van ander Afrikaanse plekname onderskei word nie. Hierdie name het almal tussen 1865 en 1886 noord van die Oranjerivier ontstaan en hulle is almal van Basteroorsprong (Kleurling-Afrikaans). Plekname van Basteroorsprong suid van die Oranjerivier is o.a. Rok-optel, De Tuin, Bokseput en Gansmond (Gansemond).

Na die Anneksasie van Griekwaland-Wes en die uitslag van die Landhof van 1875-76 het die Griekwanaamgewing ten einde gekom, so ook is daar geen plekname van Basteroorsprong, sover bekend, wat na 1914 ontstaan het nie.

Om saam te vat: Alhoewel daar baie plekname in Noord-Kaapland is wat hulle oorsprong by Griekwa- en Kleurling-Afrikaans het, kan hulle nie van ander Afrikaanse name (blanke) onderskei word nie. Vir wetenskaplike doeleindes word die oorsprong spesifiek aangestip, waar moontlik, anderdoeleindes en vir alledaagse doeleindes is die oorsprong deurgaans Afrikaans.

D. Plek- en Plaasname van blanke oorsprong.

Plek- en plaasname in Noord-Kaapland en die aangrensende gebiede wat deur blankes toegeken is, word in drie hoofgroepe ingedeel, nl. name waarvan die oorsprong (1) Afrikaans, (2) Engels en (3) Duits is. Daarbenewens is daar 'n afdeling waarvan die oorsprong (4) by die Delwers is terwyl 'n laaste en aanvullende afdeling (5) Persoonsname insluit. Hierdie indeling word in Tabel IV uiteengesit. 1)

Afrikaans.

Om die oorsprong van plek- en plaasname as Afrikaans te bepaal bied geen moeilikheid nie, d.w.s. die naam staan duidelik uit in sy Afrikaanse spelvorm en taalverband. Slegs waar ons met voorbeelde van die volksetimologie handel is die klankverbinding bekend maar die oorsprong is onduidelik en dit moet opgespoor en nader bepaal word, byvoorbeeld: Sening (Tsw. Tsineng), Kombraai (Combray), Hotazel (Hot-as-Hell), e.s.m. Nederlands (Kaaps-Hollands).

Daar is honderde plekname wat op landkaarte en in ou geskrifte in die Nederlandse spelvorm voorkom wat dan ook die oorspronklike skryfwyse toe die plase vernoem is, aandui. Honderde van hierdie name is alreeds

---

1. Sien p. 57.

TABEL IV

PLEK- EN PLAASNAME. OORSPRONG: BLANKE TAALGROEPE.

1.	AFRIKAANS:	i. Afrikaans. ii. Nederlands (Kaaps-Hollands). iii. Uitheems.
2.	ENGELS:	i. Engels (Suid-Afrikaans). ii. Uitheems: (a) Engels. (b) Skots. (c) Iers. (d) Wallies. (e) Amerikaans. (f) Diverse.
3.	DUITS:	i. Duits (Suid-Afrikaans). ii. Uitheems.
4.	DELWERS:	Delwersgebied.
5.	PERSOONSNAME:	Algemeen.

ver-Afrikaans en baie het alreeds offisiële erkenning ontvang, byvoorbeeld: Perdeberg (Paardeberg), O.V.S.; Dibeng (Deben), e.s.m. Maar by die ouer geslag van ons mense (60 jaar+) asook by Engelssprekendes word baie van die oorspronklike name nog Nederlands uitgespreek. So byvoorbeeld word Colesbergkoppie nog deur sommige Colesberg Kopje uitgespreek ondanks die feit dat die delwers en plattelanders reeds in die sewentiger jare wel kopje geskryf maar koppie gesê het. 2) Die ouer spelvorm bemoeilik nie die ontleding van hierdie name nie. Intendeel. Dit is 'n goeie leidraad om die tydperk van die ontstaan nader te bepaal. Plaasname met 'n Afrikaanse spelvorm het hoofsaaklik na 1925 ontstaan behalwe waar spesifiek op 'n Nederlandse spelvorm aangedring is. So het die plaasnaam Buitenzorg naby Barkly-Wes na 1925 ontstaan.

Die oorsprong van hierdie ouer plaasname is Nederlands-Suid-Afrikaans wat mettertyd oorgaan na Afrikaans.

Uitheems. Die Afrikaner het min uitheemse name toegeken. In Noord-Kaapland kry ons name soos Amsterdam, Alphen en Rotterdam. In die verband moet onthou word dat sommige van hierdie name nie deur die plaasboer toegeken is nie maar wel deur een of ander amptenaar of landmeter. In baie gevalle het die plaasname selfs 'n Engelse spelvorm soos The Hague, Antwerp, e.a. wat daarop aandui dat dit deur 'n Engelssprekende toegeken is. Dit verander nie die saak nie: die naam is uitheems en die oorsprong Nederlands.

Engels.

Waar ons met plek- en plaasname waarvan die oorsprong Engels is, handel, daar onderskei ons twee onderafdelings, nl. (i) name wat hier

1. In die verband vergelyk Staatsdrukker: Amptelike Plekname.
2. Payton: The Diamond Diggings, p. 22 - aantekening.

te lande ontstaan het en (ii) die uitheemse naam soos in Tabel IV saamgevat.

Engelse name wat in die Afrikaanse bodem wortel, sluit volkome aan by die waarvan die oorsprong Afrikaans is. Daar is dan net n taal verskil, byvoorbeeld: Koodoo Bush, Lucerne, Grassridge, Thorns, Fairview, e.s.m.

Uitheems. Met die uitheemse naam is dit heelwat anders gesteld. Hierdie name is uit die vreemde op Afrikaanse bodem oorgeplant en alhoewel hulle aan die Engelssprekende bekend is weens hulle herkoms, is hulle vir die Afrikaanssprekende in baie gevalle vreemd. Die gevolg is dat vervorming in werking tree en ons 'n nuwe naam kry - volksetimologie.

Dié uitheemse name is hoofsaaklik vanuit die Verenigde Koninkryk oorgeplant maar daar is verskeie voorbeelde van name uit die Gemenebes (Kanada, ens.) en die Verenigde State van Amerika. Gevolglik het ons uitheemse plaasname waarvan die oorsprong Indiaans (Rooihuide) is soos Ohio, Nevada, Idaho, Ottawa, e.s.m.

Diegene wat verantwoordelik was vir hierdie uitheemse name het hulle nie alleen by die Engelssprekende wêreld bepaal nie maar ook name uit Sentraal- en Oos-Europa, Asië en Afrika op Afrikaanse bodem oorgeplant, byvoorbeeld: Algiers, Atbara (Soedan), Berlin, Denmark, Finland, Moscow, Formosa, Java, Palestine, e.s.m.

In hierdie uitheemse plekname lees ons dan ook die geskiedenis van die bewoners wat een of ander land eeue gelede bewoon het, want baie van hierdie name dateer terug na die derde en vierde eeu na Christus. 1) Nienaber vat dit mooi saam waar hy skryf: „... hulle (die plekname) oorleef die katastrofes wat wêreldryke vernietig. In Europa het nasies gekom en gegaan maar die plekname het gebly. Berge, valleie en riviere is inderdaad die enigste stenetafels waarop die ongeletterde nasies hulle geskiedenis kon ingraveer. Op die wyse het die Keltiese, Iberiese en Skandinawiese rasse hulle swerftogte, hulle oorwinnings en hulle nederlae aan ons bekend gemaak." 2) En dit geld eweneens vir die uitheemse plekname uit ander wêrelddele.

Duits.

Oor die oorsprong van die Duitse plek- en plaasnaam val nie veel te skrywe nie. Die Duitse pleknaam wat hier te lande ontstaan het, sluit volkome aan by die Suid-Afrikaanse plekname van beide Afrikaanse en Engelse oorsprong. Hulle weerspieël die bodemgesteldheid en is derhalwe Duits-Suid-Afrikaans.

Uitheems. In die landsgebied hier onder bespreking is die uitheemse pleknaam swak verteenwoordig. Die uitheemse naam van Duitse oorsprong, veral in Suidwes-Afrika, het hulle ontstaan voor 1918 gehad en is deur Duitse landmeters aan plase gegee.

Delwersplekname (Kaapland).

Die oorsprong van delwersplekname het reeds duidelik geword in

1. Joyce: Irish Names of Places, I, p. 76 e.v.
2. Nienaber: Waar kom ons plekname vandaan - Die Huisgenoot, 1.10.56, p. 12.

Hoofstuk II waar die aard en ontstaan van sulke name bespreek is. Baie delwersplekname is beskrywend van aard en die oorsprong van hierdie name is in die taal van die naamgewer, nl. Engels of Afrikaans. Daar bestaan ook 'n aansienlike aantal plekname met persoonsname. Hierdie delwersplekname sluit aan by sulke plekname elders in Noord-Kaapland aangesien daar geen verskil bestaan nie. Die delwersplekname in die Transveal sluit volkome aan by die van Kaapland en verg geen aparte behandeling nie.

Persoonsname.

Baie van ons plek- en plaasname het hulle oorsprong by die persoonsnaam. In die verband word daar slegs bepaal of hierdie persone nou wel pioniers en nedersetters was afgesien van die land van herkoms. Waar die persoon dan Suid-Afrikaner is, is die oorsprong Suid-Afrikaans; waar die naam verwys na persone in die buiteland soos o.a. Bismark, Goschen en Kimberley, daar sorteer die naam in werklikheid onder uitheems en moet as sodanig beskou word.

Om saam te vat: Die oorsprong van plek- en plaasname by die blankes in Noord-Kaapland is duidelik en voor die handliggend. Hulle is Suid-Afrikaans - Afrikaans, Engels en Duits. Daarbenewens is daar talle plase met uitheemse name. Hulle is name van plekke in die Verenigde Koninkryk en Eire, Noord- en Suid-Amerika, Asië, Afrika, die vasteland van Europa en die Gemenebes wat op Afrikaanse bodem oorgeplant is. Die delwersnaam, behalwe waar sulke name na delwersaangeleenthede verwys, sluit volkome aan by die ander plek- en plaasname terwyl die persoonsnaam òf Suid-Afrikaans òf uitheems is.

H O O F S T U K IV.

PLEKNAME VAN SEKONDeRE AARD.

Die Veepos.

Fideicommissum.

Plaasverdeling.

Plekname sekonder van aard.

Streekname.

Wykname.

--oo0oo--

HOOFSTUK IV.

PLEKNAME VAN SEKONDÊRE AARD.

Die Veepos.

Die veepos-stelsel in Suid-Afrika is so oud as die veebedryf. Reeds die eerste Vryburgers het die reg verkry om vee aan te hou en namate dit duidelik geword het dat die akkerbou nie die nodige winste afwerp om 'n selfstandige bestaan te verseker nie is die aandag al hoe meer op die veeboerdery toegespits. Hierdie toedrag van sake is bevorder enersyds daar dit heel gou geblyk het winsgewend te wees en andersyds daar die ruilhandel van die Kompanjie met die Hottentotte nie so suksesvol was as wat verwag was nie.

Nie alleen die Vryburgers het al hoe meer aandag aan die veeboerdery gegee nie, maar selfs die Kompanjie het met vee geboer.

Na 1661 was die Kompanjie reeds verplig om weiveld vir sy vee te soek sodat wagters aangehou moes word en in die sewentiger jare van die sewentiende eeu was die Kompanjie „verplig om in die binneland 'n stelsel van veeposte te ontwikkel en weldra het die Vryburgers sy voorbeeld gevolg." 1) So byvoorbeeld het die Kompanjie veeposte gestig by Bommelshoek by die teenwoordige Dieprivier, Boereboomen by Houtbaai en by Steenberge van Valsbaai-strand terwyl die Hottentots-Holland as 'n veepos histories welbekend is. 2)

In 1769 word ook weiregte in die binneland aan kolonliste toegesê. So het Henning Huising en sy „compagnon" weiregte langs die Eersterivier verkry terwyl aan Pieter Visagie en Jan Mostert weiregte by Tierberg toegesê is. 3)

'n Stelselmatige uitbreiding het vervolgens plaasgevind sodat daar teen 1717 veeposte agter Piketberg en die Verlore Vallei en teen 1725 aan die Olifantsrivier was. 4) Die veeboere het mettertyd ook hulle weg na die Karoo gebaan en teen 1745 het hulle tot in die Roggeveld getrek. 5) Hierdie uitbreiding het mettertyd ook die Hantamberg ingesluit en volgens Van der Walt 6) was hulle teen 1760 reeds in die omgewing van Kubiskow en Kamiesberg terwyl die veeboerbeweging na die ooste sover gevorder het dat die Visrivier in 1786 as grens bepaal is. 7)

Alhoewel Simon van der Stel gedeeltelik teen die veeboeruitbreiding gekant was, kon hy dit nie verhinder nie terwyl sy opvolger, Willem Adriaan van der Stel, die saak uit 'n ander oogpunt - die ekonomiese - beskou het. W.A. van der Stel was self 'n veeboer en hy het veeposte by Botrivier, Ziekenhuis, Warmwaterskraal en Tygerkloof gehad. 8)

---

1. Van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 29.
2. Thom: Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 20.
3. Ibidem, p. 15. 4. Ibidem, p. 27. 5. Ibidem, pp. 37-38.
6. Van der Walt: Die Ausdehnung der Kolonie, pp. 65-69.
7. Thom: Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 42.
8. Ibidem, p. 38.

Tydens hierdie eerste fase van die veeboer-bewegings kon hulle geen grond besit nie daar hulle slegs van weilisensies voorsien is. In 1714 is die stelsel verander. Dit is deur die leningsplaasstelsel vervang en die Kompanjie het huurgeld of rekognisie vir elke leningsplaas ontvang. Dat die veeboer later die plaas kon bekom, het egter nie die uitbreiding gestuit nie en selfs waar daar later voorsiening gemaak is sodat die grond na die dood van die huurder nie vervreemd sou word nie, het die trekneiging nie beperk nie. Die rede hiervoor was dat die meeste veeboere hulle nie aan 'n bepaalde plaas wou verbind nie. Vervolgens het die elastiese leningsplaasstelsel in swang gebly 1) d.w.s. die huurder kon elke jaar, as hy dit verkies het, 'n ander plaas huur.

Die veeboere het derhalwe verkies om hulle vryheid van beweging te behou. Volgens Van der Merwe 2) „het die boere al voor die end van die sewentiende eeu begin om periodiek met hulle vee te trek .. 'n gebruik wat die klimaat en bodemgesteldheid van ons land tot op die huidige dag gereeld in stand gehou het."

Die gevolg hiervan was soos Valentyn dit bevind het dat sommige boere tot soveel as 16 veeposte in die binneland gehad het. 3) Hierdie stelsel het meegebr g dat die boer gereeld tussen die veeposte beweeg het. Later is een of ander veepos meer gereeld bewoon. Oor die jare heen en namate die landsdeel digter bevolk geraak het, het sommige een of ander veepos permanent bewoon en periodiek na die ander veeposte terwille van die weiding getrek.

In die weste van die Kaapkolonie is die uitbreiding mettertyd deur die klimaat en die roofsug van die Boesmanbendes gestuit. Eers teen die tweede helfte van die negentiende eeu het die trekbeweging weer in die rigting van Kenhardt en die Oranjerivier begin terwyl die noordwaartse beweging van die veeboere in die oostelike deel van die Kaapkolonie reeds die Oranjerivier in die twintiger jare van die negentiende oorgesteek het.

Alhoewel die noordwaartse beweging van die veeboere in die weste vir 'n lang tydperk gestrem was, was daar tog veeboer-jagters wat die gebied besoek het en in die weste op die grens van Namakwaland is daar aan Jacobus Bierman op 21 November 1776 'n veeplaas by Zabiesiesrivier toegeken, d.w.s. die teenswoordige Klein Pella, 4) terwyl Coenraad Feijt Kamas (Camas), d.w.s. Pella as veeplaas gehad het. 5) Die volgende jaar (1777) het Bierman weer die weiregte op Kamas verkry.

Teen 1850 was verskeie boere reeds bekend met geskikte weiding in dele van Suid-Boesmanland wat as veeposte gedien het. Mettertyd het veeboere oor Boesmanland versprei en teen 1881 het die eerste blanke veeboere reeds die Oranjerivier by Olyvenhoutdrif (Upington) oorgesteek en by Keidebees posgestaan. Teen 1830 was daar alreeds trekboere in die huidige Albanie en teen 1850 is verskeie plase in die omgewing van

---

1. Thom: Die Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 42.
2. Van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaap Kolonie, p. 32. 3. Ibidem, p. 69 - aangehaal deur Van der Merwe.
4. Wildschutten Boek, S.G. 24, p. 437; V.R.V.15, p. 34.
5. Wildschutten Boek, S.G. 25, p. 261; V.R.V.15, p. 34.

die huidige Kimberley bewoon. Na 1850 het die uitbreiding in dié gebied stelselmatig voortgegaan.

Die veepos-stelsel dan het die veeboerbeweging na die binneland bevorder en namate die uitbreiding geskied het, is veeposte steeds verder in die binneland in besit geneem. In Boesmanland het die veepos-stelsel 'n verandering ondergaan. Die gebruik van veeposte het, weens die dor klimaat en waterskaarste, as gevolg gehad dat dit gemeenskaplike weidingsplekke geword het. Dit het natuurlik die trekboer-neiging soos dit in Boesmanland ontwikkel het, bevorder. Gevolglik het verskeie boere by so 'n veepos (of staanplek) saamgetrek en namate die weiding verswak het, het elkeen weer weggetrek na 'n ander bekende pos.

Uit bostaande kort samevatting blyk sonder twyfel dat die veepos vanaf die vroegste tye 'n belangrike rol in die uitbreidingsgeskiedenis van ons land gespeel het. En dit geld eweneens vir die aard en ontstaan van ons naamgewing, want die volksbedryf, die veeboerdery, was tot die ontdekking van diamante en selfs vir jare daarna die sleutelbedryf van Suidelike Afrika; en die veeboer, hoe eenvoudig sy bestaan op die voorposte mag gewees het, was die draer van die blanke kultuur na die binneland soos ook in die naamgewing openbaar word, byvoorbeeld: waar name toegeken is soos Dankbaar (dank toenoor die Opperwese vir wat verkry is), Rusoord (eindelik 'n standplaas), Probeersfontein (moedhou en volhard) naas Bybelname soos Bosra, Elim, Bethel (= Bet-el), e.s.m.

Die uitbreiding na die binneland was afhanklik van water en die waterbron was die sleutelpunt en die aangewese plek vir 'n veepos. Waar weidingsregte aangevra is of waar 'n veepos in die binneland afgebaken is, daar was altyd 'n bron van water beskikbaar, daarom dan ook die groot aantal plekname, tans plaasname, waarvan die woorde water, fontein, rivier, vloer, kolk, kuil, puts en later pan en dam as 'n lid van die samestelling voorkom.

Waar daar 'n inboorlingnaam was, is dit soms behou 1) andersins is 'n nuwe naam toegeken wat in die meeste gevalle beskrywend was, behalwe waar dit na 'n gebeurtenis of voorval verwys. Dit geld eweneens vir die naamgewing na 1850 in Boesmanland, die distrikte van Prieska en Hopetown en Noord-Kaapland. Baie van hierdie veepos- of standplaasname het mettertyd deur permanente bewoning of nadat plase uitgemeet is plaasname geword. Daar is dan ook baie voorbeelde waar 'n naam oorspronklik deur 'n jagter of jagter-veeboer toegeken is wat later 'n veepos en daarna 'n plaasnaam geword het, byvoorbeeld: Jagtkolk, Jagtdrif, Skietpan, Wildebeeskuil, Gemsbokpan, e.s.m.

Die meeste gemeenskaplike standplase lê wyd oor Boesmanland verspreid. Sulke plekke word aan die name uitgeken aangesien baie van hulle samestellings vorm met kolk en puts. Die woorde kolk, puts en vloer in saamgestelde plaasname in die weste en kuil, pan en dam in die ooste is dan ook sleutelwoorde by die ontleding van hierdie ou plek- en plaasname.

1. Sien Zabiesiesrivier en Kamas hierbo.

Nadat Noord-Kaapland in die geheel in plase uitgemeet is, het die veepos-stelsel nie verval nie want hierdie stelsel in Suid-Afrika is so oud as die tradisie om selfstandig te boer en die begin stadia van hierdie selfstandigheid gaan terug na die Vryburgers. Die gevolg was dat die boer wat nou 'n permanente woonplaas gehad het nog soms periodiek getrek het enersyds omdat die trekgewoonte tradisie geword het en andersyds om beter weiding tydens die periodieke droogtes te bekom. Daarbenewens het daar ook 'n nuwe fase ingetree waar die boer 'n reeks veeposte op sy eie plaas ontwikkel het. So het daar 'n veepos-stelsel binne die grense van elke plaas ontstaan mits die plaas groot genoeg was. Hierdie stelsel is bevorder deur die gebruik van moderne gereedskap om ondergrondse water beskikbaar te maak.

Met die toepassing van moderne boerderymetodes het die veepos-stelsel na die kampstelsel oorgegaan waar die veepos nou omhein is. Hierdie ondergeskikte plaasdele, veeposte of kampe word dan ook van name voorsien soos o.a. Boskamp, Fonteintjie en Doringkamp.

In die droër dele van Noord-Kaapland en veral in Boesmanland het ons ook 'n interessante ontwikkeling met die ontstaan van plaasname. Met die uitmeting van plase is daar soms een of meer van die oorspronklike veeposte binne die grense van een plaas ingesluit veral waar een of ander standplaas sy waarde verloor het. Aangesien die boere bekend was met die oorspronklike standplase het sommige plase dubbelname gekry soos De-Uitkyk-Boven-de-Kalkgaten, Gamceip en Taraganous, Styrkraal en Vleispad, e.s.m. Waar 'n boer aansoek gedoen het om 'n plaas en dit nie gekry het nie is hy aangemoedig om weer aansoek te doen. In een geval is 'n plaas eers na die derde aansoek toegeken met die gevolg dat die boer toe die plaas Vraa-weer genoem het. 1)

Fideicommissum.

As daar 'n groot aantal plaasname deur die veepos-stelsel ontstaan het, het daar eweneens 'n groot aantal ontstaan deur die erfreg-stelsel wat die boere geken het as Fi-de-komis .w.s. Fideicommissum. Dit bring ons dan ook meteens in aanraking met die veeboere se kennis van die Romeins-Hollandse Reg en die toepassing daarvan met erflatings in die verlede. 2)

Fideicommissum was een van die vernaamste Romeinse instellings of wette 3) en Sohm skryf hieroor: „The Emperor Augustus was the first to introduce into the administration of justice the principle that, where a testator requested a person who was benifited under his will to make over the benefit he received to a third party - this is the meaning of Fideicommissum - the request should be legally enforceable, even though it had been made without any form whatever." 4) Van der Linden 5) vat dit kort saam as volg: „Sometimes a person is

1. Spelling onveranderd.
2. Hierdie vorm van erflating het in die afgelope jare afgeneem.
3. Vgl Gaii: Institutionem Jurus Civilis Commentarii Quatuor, pp. 283-95.
4. Sohm: The Institutes (of Roman Law), p. 113.
5. Van der Linden: Institutes of Holland, p. 62.

appointed heir subject to the charge, that after the death of the appointed heir the property shall go over to the third person. 1) This is termed fideicommissum." 2)

Dit is opvallend dat die meeste gevalle van fideicommissum nie in die weste van Noord-Kaapland voorkom nie maar wel in die ooste en dan veral in Griekwaland-Wes en die Westelike Vrystaat. 3) Daarbenewens is dit opmerklik dat dit beide in die erflating van blankes en die Griekwa voorkom maar met 'n verskil. So byvoorbeeld tref ons dit aan in die enkele gevalle van Griekwa-erflating dat die plaas of plase gemeenskaplik deur die afstammelinge gebruik word soos in die geval van Dieprivier naby Niekerkshoop in die Hay-distrik (Beukes-erflating) en die sogenaamde Oppermansgronde in die westelike Vrystaat. In hierdie gevalle dan het geen plaasverdeling plaasgevind nie.

Gevalle van fideicommissum-erflating onder die blankes was 'n besliste poging om voorsiening te maak vir die nageslag: die kinders en kleinkinders, met die oog daarop dat die eiendom nie vervreemd sal word nie maar „in die familie bly." Wat ook al die voor- en nadele van so 'n erflating mag wees, wat hier nie ter sprake is nie, dit het meegebring dat 'n oorspronklike plaas oor die jare heen in klein plasies opgedeel is. Waar daar oorspronklik net een plaas was, is daar tans agt of meer klein plasies. En waar daar oorspronklik net een plaasnaam was wat bes moontlik as gevolg van die veepos-stelsel ontstaan het, daar vind ons tans verskeie plaasname wat deur hierdie vorm van erflating ontstaan het.

Baie van hierdie plaasname kan dan ook maklik uitgeken word soos byvoorbeeld Vadersdeel en Moedersdeel, of waar persoonsname aan die woord -deel gekoppel word om 'n erfgenaam aan te dui 4) asook sulke name soos Hoek, Pen en Wig om die patroon van so 'n plasie te beskryf, of waar daar in die omgang spottend verwys word na X-zyn-stert of Y-zyn-erf. 5)

Plaasverdeling.

Met die verdeling van plase onderskei ons gewoonlik drie soorte plaasname:

1. Veeposname (sekondêr) wat mettertyd as plaasname geregistreer (kan) word.
2. Plaasname wat ontstaan het deur die oorspronklike naam, sekondêr of primêr, te behou maar 'n onderskeid te maak deur in die saamgestelde name by te voeg, -oos, -wes, -noord, -suid, Bo-, Onder-, Groot- en Klein- om die ligging of omvang aan te dui met dié verskil dat Groot- en Klein- ook kan dien om 'n oorspronklike aanleg (Groot-) van 'n nuwe aanleg (Klein-) te onderskei.
3. Die oorspronklike naam word behou maar die onderskeid word gemaak deur die byvoeging van letters (A, B, C ens.) en nommers (1, 2, 3 ens.), byvoorbeeld: Holpan No.1, No.2, ens.; Paardekloof No.1 en No.2: e.s.m.

---

1. Ek onderstreep.
2. Aanhaling uit: Tit. Inst. de fideic. hered. t.t. ff. ad Sct. Trebell.; Thevenot, Traité de Substitutions Fideicommissaires (Paris, 1778).
3. Die gegewens handel alleen oor Noord-Kaapland en die aangrensende gebied.
4. Vgl Hoofstuk II vir Besitreg. 5. X en Y = persoonsname.

Plekname sekondêr van aard.

Met die oog op bostaande kort samevatting kan nou bepaal word wat 'n pl knaam van sekondêre aard is.

'n Pleknaam is sekondêr van aard waar dit nie geregistreer is nie - dit het nog nie 'n offisiële kasjet nie - maar wel in die omgangstaal van die spraakmakende gemeenskap bestaan. So was daar in die verlede honderde plekname wat as gevolg van die veepos-stelsel ontstaan het wat nooit amptelike erkenning verkry het nie en mettertyd van die toneel verdwyn het of deur ander plek- en plaasname vervang is. Baie ander van hierdie name het behoue gebly daar hulle later wel as plaasname geregistreer is.

Selfs waar fideicommissum-erflatings bestaan, is die name meesal tydens die tweede fase (eerste erfgename of trusthouers), waar voorlopige indeling bestaan, sekondêr van aard en word hierdie name eers van primêre belang tydens die derde fase wanneer die erfenis afgehandel word en die plaasname amptelike erkenning deur uitmeting en registrasie verkry.

Ook met plaasverdeling verloor baie veepos- en kampname hulle sekondêre aard sodra hierdie name geregistreer word. Honderde name van sekondêre aard het dan ook in die verlede verlore gegaan terwyl die geregistreerde plaasnaam behou is behalwe waar so 'n naam na willekeur verander en as sodanig geregistreer word.

Daar bestaan dan ook nog vandag op die platteland van Noord-Kaapland etlike honderde plekname van sekondêre aard waarvan sommige wel in die toekoms staatkundige erkenning sal verkry t.w. veepos- en kampname op groot plase, topografiese name slegs aan [illegible]praakmakende gemeenskap bekend en laastens waar fideicommissum-erflatings finaal afgehandel word.

Streekname.

Die veepos-stelsel en die uitbreiding na die binneland het ook 'n verdere gevolg gehad. So het daar weens die uitgestrektheid van die destydse trekvelde en die verskille wat in die topografie en plantegroei opgemerk is die noodsaaklikheid ontstaan om die een gebied van die ander te onderskei. Die gevolg was streekname. Hierdie streekname het spontaan ontstaan: dit was natuurlike uitvloeisels van die veeboere se kennis van die bodemgesteldheid.

Sonder om die historiese verloop van die streeknaam-ontwikkeling oor die jare heen na te gaan, kan die ontstaan van sulke name vir Noord-Kaapland ondersoek word aangesien die ontwikkeling deurgaans dieselfde is.

Ons vind dit neiging om name aan streke toe te ken selfs by die inboorling bevolkingsgroepe. Die Tswanasprekendes was verantwoordelik vir die streeknaam Kalahari. 1) Die Ghaapplato het hulle Marope (= plato's) genoem en die vlaktes noordwes van Schweizer-Reneke Losasa, die land sonder bome. Die gebied om Kuruman was die Kurumani (-e) terwyl die Korannaberge aan hulle bekend was as Maje-a-Mokgothu.

---

1. Sien Glossarium.

Plekname sekondêr van aard.

Met die oog op bostaande kort samevatting kan nou bepaal word wat 'n pleknaam van sekondêre aard is.

'n Pleknaam is sekondêr van aard waar dit nie geregistreer is nie - dit het nog nie 'n offisiële kasjet nie - maar wel in die omgangstaal van die spraakmakende gemeenskap bestaan. So was daar in die verlede honderde plekname wat as gevolg van die veepos-stelsel ontstaan het wat nooit amptelike erkenning verkry het nie en mettertyd van die toneel verdwyn het of deur ander plek- en plaasname vervang is. Baie ander van hierdie name het behoue gebly daar hulle later wel as plaasname geregistreer is.

Selfs waar fideicommissum-erflatings bestaan, is die name meesal tydens die tweede fase (eerste erfgename of trusthouers), waar voorlopige indeling bestaan, sekondêr van aard en word hierdie name eers van primêre belang tydens die derde fase wanneer die erfenis afgehandel word en die plaasname amptelike erkenning deur uitmeting en registrasie verkry.

Ook met plaasverdeling verloor baie veepos- en kampname hulle sekondêre aard sodra hierdie name geregistreer word. Honderde name van sekondêre aard het dan ook in die verlede verlore gegaan terwyl die geregistreerde plaasnaam behou is behalwe waar so 'n naam na willekeur verander en as sodanig geregistreer word.

Daar bestaan dan ook nog vandag op die platteland van Noord-Kaapland etlike honderde plekname van sekondêre aard waarvan sommige wel in die toekoms staatkundige erkenning sal verkry t.w. veepos- en kampname op groot plase, topografiese name slegs aan die spraakmakende gemeenskap bekend en laastens waar fideicommissum-erflatings finaal afgehandel word.

Streekname.

Die veepos-stelsel en die uitbreiding na die binneland het ook 'n verdere gevolg gehad. So het daar weens die uitgestrektheid van die destydse trekvelde en die verskille wat in die topografie en plantegroei opgemerk is die noodsaaklikheid ontstaan om die een gebied van die ander te onderskei. Die gevolg was streekname. Hierdie streekname het spontaan ontstaan: dit was natuurlike uitvloeisels van die veeboere se kennis van die bodemgesteldheid.

Sonder om die historiese verloop van die streeknaam-ontwikkeling oor die jare heen na te gaan, kan die ontstaan van sulke name vir Noord-Kaapland ondersoek word aangesien die ontwikkeling deurgaans dieselfde is.

Ons vind die neiging om name aan streke toe te ken selfs by die indeling bevolkingsgroepe. Die Tswanasprekendes was verantwoordelik vir die streeknaam Kalaharie. 1) Die Ghaapplato het hulle Maropo (= plato's) genoem en die vlaktes noordwes van Schweizer-Reneke Losasa, die land sonder bome. Die gebied om Kuruman was die Kurumani (-e) terwyl die Korannaberge aan hulle bekend was as Maje-a-Mokgothu.

---

1. Sien Glossarium.

Streekname van die Khoisansprekendes het feitlik verdwyn. Die Koranna het die streeknaam later bekend as Ghaap (< ǂhab), dan Ghaap-plato gehad terwyl Hhou (= ǂhou) die vlaktes van die Hartsrivier aangedui het.

Die Griekwa het die streekname Langberg(en) en Rooiberg(en) geskep. Beide streekname is later deur die blankes oorgeneem. Die Rooiberge was die Asbesheuwels noord van Griekwastad na Kuruman en die Heuningvlei. Die blanke bewoners in die omgewing van Danielskuil het in die negentiger jare van die negentiende eeu deurgaans van die Rooiberge gepraat. Mettertyd is die naam deur Asberge vervang. Slegs die heuwels noord van Tsineng het die naam Rooiberge/Rooiberg behou.

Die blankes was as gevolg van hulle uitbreiding na die binneland en hulle ekstensiewe boerderymetodes verantwoordelik vir die meeste streekname. Ons onderskei dan ook twee soorte streekname by die blankes, nl. (a) streekname van 'n algemene aard en strekking, en (b) streekname wat na 'n spesifieke streek verwys.

Die eersgenoemde groep word dan ook altyd met die woord wêreld gekoppel en die strekking daarvan is breed en algemeen, byvoorbeeld: Langbergwêreld of Langberg-se-wêreld; Korannabergwêreld of Korannaberg-se-wêreld; Kurumanwêreld of Kuruman-se-wêreld; e.s.m. Daarbenewens bestaan daar ook nog sulke aardkundige samestellings soos Gamagara-rant en Campbell-rant.

Die eersgenoemde groep hier kom veelal voor daar die vorm van die samestelling hom daartoe leen om feitlik na enige plek en sy omgewing te kan verwys, byvoorbeeld: Kimberley-, Grootrivier-, Warrenton-, Aroab-se-wêreld, e.s.m.

Die tweede groep streekname het nie 'n algemene strekking nie en hulle verwys deurgaans na 'n bepaalde streek. Hierdie groep sluit ook in die streeknaam wat oorspronklike inboorling-streekname was. Die volgende streekname van Noord-Kaapland is velbekend:

Agterwêreld: Nagenoeg die landstreek tussen Kenhardt, Vanwyksvlei en Brandvlei. Oorspronklik het dié naam die geografiese ligging aangedui maar in dele van Noord-Kaapland het dit reeds tot 'n spotnaam ontwikkel waar dit na die liggaamsdeel van die mens verwys.

'lbanie: Oorspronklik 'n Engelse naam Albania deur David Arnot gegee aan die landstreek noord van die Oranjerivier en suid van die Vetberg-grens met Rama-Belmont as die oosgrens tot aan die Vaalrivier in die weste. Die naam het ontstaan tydens die Albanie-projek.

Boesmanland: Die landstreek gelê ongeveer tussen Loeriesfontein, Putsonderwater, die Oranjerivier en die Kenhardt-Namakwalandgrens. 'n Verlenging weswaarts in Namakwaland is bekend as Klein-Boesmanland.

Delwery/Delwerye: Hierdie benaming het alreeds die status van streek-naam verkry waar dit spesifiek verwys na die spoeldiamant-ontginning streek in Noord-Kaapland.

Author: Van Vreeden Barend Frederick
Name of thesis: Die Oorsprong en Geskiedenis van Plekname in Noord Kaapland en die Aangrensende Gebiede. 1961

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.